KENNISGEWING 52 VAN 2020

JB MARKS PLAASLIKE MUNISIPALITEIT – DORPSTIGTING
VAN DER HOFFPARK UITBREIDING 80

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 92(1)(d) & (e) van die Tlokwe Stadsraad se Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbeheer, 2015, saamgelees met SPLUMA (Wet 16 van 2013) dat ondergemelde aansoek deur die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit ontvang is en ter insae beskikbaar is gedurende gewone kantoorure te die kantoor van die Departement van Menslike Nedersettings en Beplanning, JB Marks Plaaslike Munisipaliteit, Kantoor 210, Tweede Vloer, Dan Tloome Kompleks, op die hoek van Wolmaransstraat en Sol Plaatjielaan, Potchefstroom.
Enige beswaar/vertoë moet skriftelik, of mondelings indien nie kan skryf nie, by of tot die Munisipale Bestuurder voor die sluitingsdatum vir die indiening van besware/vertoë by bovermelde adres of na Posbus 113, Potchefstroom, 2520 ingedien of gerig word, met vermelding van bogenoemde opskrif die beswaarmaker se belang in die saak, die grond(e) van die beswaar/vertoë, die beswaarmaker se erf en telefoonnommers en adres.
SLUITINGSDATUM VIR DIE INDIENING VAN BESWARE/VERTOë: 18 SEPTEMBER 2020
AARD VAN AANSOEK:
Opheffing van beperkende voorwaardes: Ons het aansoek gedoen in terme van Artikel 63 van die Tlokwe Stadsraad se Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbeheer, 2015,vir die opheffing van beperkende voorwaardes A1 tot A4 en B in Titelakte T25869/2020, ten einde die dorpstigting te kan bewerkstellig.
Dorpstigting: Ons het aansoek gedoen vir dorpstigting in terme van Artikel 56, saamgelees met Hoofstuk 6, van die Tlokwe Stadsraad se Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbeheer, 2015, op Gedeelte 1371 van die plaas Vyfhoek 428, Registrasie Afdeling I.Q., Noordwes, geleë te Oudebrug Straat, Potchefstroom – Reg oos van Ivy League (Van Der Hoffpark Uitbreiding 42).

AANTAL ERWE IN VOORGESTELDE DORP:
Residential 4 : 0.9187Ha
Special : 0.0426Ha
TOTAL : 0.9613Ha

EIENAAR : GABRIO (PTY) LTD Registration Number 2014/152770/07.
APPLIKANT : KW Rost van TOWNSCAPE PLANNING SOLUTIONS Reg Nr: 2000/045930/23
ADRES : Dahlia Straat 5, Potchefstroom, 2531. Posbus 20831, NOORDBRUG, 2522.
TEL NO : 082 662 1105

L. RALEKGETHO
MUNISIPALE BESTUURDER

TE196